

# HULDEBLYK AAN VOLKSMOEDER EN KIND

*“Die oorlog is verby maar die wraak op die pioniersvrou se agter-, agternasaat het nog nie geëindig nie...”*

**EUROPA SE MIGRASIE KRISIS**

**KARIBA WATERVLAK SAK STEEDS**

**SIRIE - 3DE WERELDOORLOG**

**EN MEER...**

# DIE VAANDELDRAER





## INDEX

---

HULDEBLIK AAN VOLKSMOEDER EN -KIND	3
EUROPA	8
KRAG	11
EL NINO	12
STAAL EN STEENKOOL	13
GELDSAKE	13
OORLOG	14
WAAROM SKIET?	16
KORTETJIES	17
PLAASLIK	17
BUITELAND	18
HITACHI ROOF SUID-AFRIKA	18

---

Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: [verkope@vaandel.co.za](mailto:verkope@vaandel.co.za)

Navrae: [info@vaandel.co.za](mailto:info@vaandel.co.za)



## VAN DIE REDAKTEUR

---

### HULDEBLIK AAN VOLKSMOEDER EN -KIND



Vandag presies 116 gelede het die Tweede Vryheidsoorlog begin (11 Oktober 1899.) En byna drie jaar lank het 'n handjievol “agterlike kruisband- en velbroekdraers” (Lord Roberts se woorde) die magtige Briste Empire só rondgejaag en verrinneweer dat die einste Roberts die vernedering nie langer kon verduur nie en op 8 Junie 1900 besluit het om hom op sy teenstander se weerlose vrou en kind te wreek. Lord Kitchener het dit later uitgebrei. Eers tóé is die Boerestryder se gees geknak.

Die oorlog is lankal verby, die stryd almal in die graf, maar die wraak op daardie pioniersvrou se agter-, agternasaat het nog nie geëindig nie. Vandag word dit net nie meer in konsentrasiekampe en deur 'n Roberts of Kitchener voortgesit nie, maar span die Empire sy broer en beste vriend daarvoor in — die swart barbaar.



Daarom wil ek vandag eerstens op die spoor van hierdie pioniersvrou terugloop om net weer 'n slag in haar teenwoordigheid te wees — 'n mens, veral 'n man, vergeet so maklik.

En in die volgende uitgawe kyk ons na Don Booysen se beskrywing van nog 'n handjievul kruisband- en velbroekdraers wat skaars 12 jaar na die Empire se valse Vredesluiting in 1902, op 26 November 1914 nie net weer teen die Empire opgestaan het nie, maar nou ook om te rebelleer teen die rugstekers en verraaiers in eie geleedere — Louis Botha en Jan Smuts.

Maar minder as twee maande na die begin van die Rebelle moes hulle, op 21 Januarie 1915, die wapen by Upington neerlê. Beide Botha en Smuts was daarvan oortuig dat die opstand misluk het.

Tog het die Godsman en profeet, Siener van Rensburg, wat die tog met hulle meegemaak het, geprofeteer dat daardie oorgawe net die eerste tree was na die finale oorwinningsfees wat hier in die suide gaan plaasvind op 'n garely wat vanuit die noorde sal neerdaal en volgepak is met 'n blou-oogkinder-skaar in wit klere. Op die galery was ook uitgestal al die toebehoorsels van die Tabernakel, nl. die Lampstaander, Goue Kandelare en Tafel met die Toonbrode...

Die teenwoordigheid van hierdie toebehoorsels is vir ons 'n aanduiding dat God dan self by sy kinders sal woon.

Maar tot dan sou hierdie pioniersvolk deur elke nasie verstoot, gehaat en vervloek word; sou hy op elke denkbare manier kasty word.

Hoekom? Want net soos die vink en die swawel, net soos die vy en die druif, wou hy ook, soos sy God hom beveel het, soort van sy soort voortbring. Maar daarvan wou die wêreld niks weet nie! Hierdie vyeboom moes ook gifappels voortbring. En om-

dat hy nie wou of kon nie, is hy herhaaldelik deur menige van sy eie stamgenote in die rug gelem; en weer en weer verraai; hulle het hom deur die meule laat gaan, tot fyn stof gemaal en is hy deur die wind weggewaai — of so het almal gedink en saamjuig: “Dank die Here, die vyeboom is dood!”

Maar hoe sterf 'n steggie wat God Self van die boom van die lewe se edelhout gesny en in sy Tuin geplant het? Geen wind en weer, geen droogte kan keer dat dit op sy tyd vrug sal dra nie.

Die Empire en die wêreld het dus verniet gejubel, want wie kan sy vyeboom wat Hyself geplant het, ontwortel?

As daar met Siener gepraat is oor sy volk se swaarkry, ontberings, beproewinge en diepe smart, was sy woorde altoos: “Ons mans het ook swaargekry, maar ons vroue het die meeste gely ... en hulle is ook meer standvastig in die geloof as die mans.”

Skaars elf dae na die uitbreek van die 2de Vryheidsoorlog, het hy een nag by Taung hierdie lyding in 'n wroegende tafereel voor hom sien verbygaan, en dit die volgende môre só aan genl. De la Rey beskryf:

“...ek sien ons vroue en ons kinders in hulle honderde en duisende saamgebondel. Ek kan nou nog die kindertjies hoor huil. Die vroue was ook vol verdriet en wanhoop; en soos hulle aangejaag word, sien ek net ons huise en lande brand, 'n vuurgloed van horison tot horison — alles toe onder rook en vlamme... Dit was verskriklik, Generaal!”

Die lyding van vroue en kinders binne en buite die kampe was 'n belangrike deel van hierdie gesig.

Nie lank daarna nie, verskyn die visioen weer aan hom, aanskou hy die louter angsk en verwildering van 'n verjaagde volksmoeder en kind: “Van die westekant af kom vrouens en kindertjies aan. Daar is baie



en hulle vlug. Ek sien die hele aarde is pikswart. Ek sien groot verwoesting oor die hele land...”

En terwyl hy sy trane afvee, bring hy hierdie belofte van sy God aan hulle: “Hy sal dit nie oorsien nie. Kyk, elke maal as daar ’n groot wêreldgebeurtenis kom, dan word kinders en vroue vermoor, en dan volg die straf gewis.”

Maar na daardie eerste gesig van die vuurgloed oor die land, sou elke nuwe dag vir ons vrouens en kinders twee en ’n half jaar lank sy eie verskrikking, smart en lyding baar; sou hulle enigste metgeselle die dood, honger en onmenslike vernedering wees.

En dis omrede hiervan dat die Boereleiers daar by Vereeniging die stryd gaan opsê het; hardop gehuil het terwyl hulle die vyand se voorwaardes moes aanhoor en onderteken. Maar nog ’n lang tyd sou verloop eer hulle uiteindelik na vrou, kind en murasie kon terugkeer — sommige van ver anderkant vreemde waters, en plekke met nog vreemder name — Bermuda, Ceylon, Sint Helena.

Intussen het die joiners, meelopers en verraaiers die gerief en rustigheid van hul ongeskonde eiendomme opgesoek om behaaglik hul Judasloon te geniet.

Verslae, ontgogeld het die Boervrou in die moordkamp die onbegryplike ‘vrede’ in stilte aangehoor — haar daarin berus as die wil van haar God; maar omdat sy haar hele lewe lank as pioniersvrou aan elende, stryd en dood gewoond was, het sy ook by hierdie tafel wat met sy bitter spys van pyn, smart en trane vir haar gedek was, gaan aansit.

Generaal Jan Smuts het later in wanhoop en te midde van die geweldige geestelike aftakeling by sommige van die manne só oor die oorlog skryf: “Die gees van Suid-Afrika is vermorsel deur die teleurstelling, die vernietiging, die verliese van die verlede... Ek sien geen ligstraal in die toekoms nie... Suid-Afrika is op die afdraande. Die hele land herinner my

aan die sombere reël van Keats waar hy praat van ‘the weariness, the fever and the fret. Here where men sit and hear each other groan’...”

(Maar skaars 12 jaar later sou hyself van moeder en kind se bittere lyding vergeet, sy gesig wegdraai en met ’n dolksteek in die hart hulle weer aan dieselfde vyand uitlewer).

So het die son dan op 1 Junie 1902 oor Suid-Afrika, bedek met ’n laferdoek, opgekom.

Dié Suid-Afrika wat Rhodes, Chamberlain, Milner, Roberts en Kitchener hulle eie wou maak, so lank oor gedroom en twee en ’n half jaar lank voor geveg het.

Lange dae het die ossespanne van die Repatriasie Departement die vlaktes oorkruis terug huis toe, terug na die uitgestrekte genade van haar God. Maar in haar Boerehart het dit geskrei. Die ysige wintersomberheid het soos ’n loodgrys wolk oor die grafstil landskap gehang. Dit was werklik winter in die hart van die Boervolk. Die ryppedekte vlaktes en bulte het soos ’n kombens van verlatenheid oor die gewese Republieke gevou.

Selfs die veroweraar kon dit nie glo toe hierdie verswakte, uitgeteerde skaduwee van ’n mens die pad vat om by haar huilende wildernis, stoppelland, ashoop en murasie te kom nie.

Dit was asof die militêre neerlaag manne soos Smuts verpletter het.

Maar nie die vrou nie. Daar was geen insinking by haar nie, geen tree op moederverloor se vlakke nie. Met stille vasberadenheid is woordeloos oor die swart, verwoeste landskap teruggekeer huiswaarts.

In maanlignagte het die wawiele deur verlate dorpsstrate geknars, met weerskante troostelose donker murasies; ook kerkgeboue was in puin, verminkte,



godverlate altare. Sels die kloktorings het haar met skrik vervul — soos donker spiese het dit na die hemelhart geboor.

Die wiele het voortgestamp en na uitmergelende dae, weke het sy haar verwoeste tuiste in die koue voordagskemer sien opdoem. Stom en net met 'n traan op die wang het sy die landerye aanskou, gestroop van alles behalwe onkruid; die vrugteboord was weg, as vuurmaakhout uitgekapt; die ryke troppe skape en kuddes beeste nêrens te sien nie, met net die grafte van dierbares en kamerade as verlate monumente en getuieis van duisende ver-skourde Boeregesinne...

Vrou-alleen was sy en haar kind die erfgename van 'n geplunderde, gegeselde en verkoolde aarde.

Stilsit en wag vir die man se terugkeer — dit sou nie deug nie — alles rondom haar het gesug en gepleit om herstel en heling...

Sy het die wrede werklikheid gadeslaan, met oorstelpte, vreesbevange kinders wat aan haar rokspante vasklou.

Alleen moes sy vir hulle onderdak vind in die halfverbrande oorblyfsels van 'n eens welvarende woning — meermale was dit die stal, vervalle buitekamer of tent wat as tuiste moes dien.

Net soms kon aan die veraf blik in die oë, of die skielike pyntrek om die mond wanneer besoekende kinderstemme in haar leë huis opklink, die diepte van haar onnoemlike leed gepeil word — die ver-lange na haar eie kroos wat nie meer daar was nie.

Min wetend dat donkerder dae nog voorlê...

Maar emosionele uitbarsting was vreemd aan haar. 'n Latere Britse eerste minister, Ramsay Mac Donald, het pas na die oorlog daarvan getuig:

“Ek het haar in haar huis ontmoet, in die kampe, op die plaas, en sy was altyd ... daardie stil engel wie se droewige kyk verskrikliker was as die bitterste woorde.”

Die Britse geskiedskrywer, L.S Amery, kon nie woorde vind om sy eerbied en meegevoel vir hierdie tenger kappiedraer se moed en onvernietigbare gees uit te druk nie; stomgeslaan het hy haar ywer en geesdrif aanskou waarmee sy op die verwoeste puinhoop van 'n leeftyd se arbeid, 'n nuwe begin wou maak.

In die amptelike verslae van Britse magistrate staan dit opgeteken dat weduwees en vroue van krygsgevangenes sonder trekvee, sonder saad, implimente en werkvolk, self ingespring het om tog iets in die grond te kry voor die einde van 1902 se ploegseisoen.

Waar het hierdie Boervroue die moed vandaan gaan haal om wat die Britte self as 'n vergeefse stryd beskou het, aan te pak en deur te voer?

Sy het haarself en haar volk stadig maar seker uit die as van twee en 'n halfjaar se berowing, haat en kastyding, weer opgerig.

Tog sou die jaar 1903 haar moed, wilskrag en deursettingsvermoë tot die uiterste beproef, en al die werk van 1902 ongedaan maak. 'n Knellende droogte, die ergste in menseheugenis, het sy somber net oor heel die twee verowerde Republieke uitgegooi. Van Januarie tot September 1903 het slegs 8 duim reën in die Vrystaat geval vergeleke met die gemiddeld van 24 duim vir die jare vóór 1900. Die mielie- en koring-oeste het op die lande verdroog. Diere het gevrek. Groentetuine weggekwyn. Kos het opgeraak; voedselpryse die hoogte ingeskiet, en één maaltyd per dag, was al waarvoor sy gehoop en gebid het.

Buitelanders, meestal Engelssprekend, het die stille lyding gadeslaan, en die swaarkry in die koerante rugbaar gemaak.

Maar omdat hulle nooit self gekla het nie, is die koerantberigte deur die Engelse owerheid as vals en sensasioneel bestempel.

Toe het Emily Hobhouse, wat reeds die Boervrou se siel geken het, self die verowerde gebiede deurreis om vas te stel wat die waarheid is.



So arriveer sy een middag met sonsondergang anderkant Middelburg by die Haupt-gesin. Hulle het al hul besittings in die oorlog verloor en in die stal woonplek ingerig. Aangesien Emily haar gasvrou nie ongerief en verleentheid wou aandoen nie, het sy aangebied om op haar muilwaentjie te slaap. Maar daarvan wou die gasvrou niks hoor nie, en Emily moes die nag binnenshuis deurbring — op die enigste katel.

Later skryf sy aan haar tante: “Vroeg die volgende oggend is ek met my sketsboek die veld in. En by my terugkeer vind ek die gesin besig met oggendgodsdien. Hulle het ‘n Psalm gesing en in gebed dankie gesê vir kos, klere en onderdak”.

In Dullstroom tref sy ‘n verskynsel aan wat hom oral op haar pad geopenbaar het. Vroue vertel van die leed en swaar van hul buurvroue en pleit dat sy tog iets vir hulle moet probeer doen, en dit terwyl hulle

eie swaarkry en ellende veel erger was as dié van hul bure!

“Op hierdie trant kan ek nog bladsye lank voortgaan met verhale van lyding en heldemoed op die een-same plase,” skryf Emily, “die stil kinderkamers en die harde werk, in weerwil van die feit dat selfs die natuur sy rug op hulle gedraai het. Die vrou het al die swaarkry deurgesien sonder een enkele klagwoord, sonder murmurering.”

Is dit hoekom Siener bewoë gesê het ‘ons vroue (en kinders) het die swaarste gekry’?

Die Boervolk het in daardie veelbewoë worsteljare deur verraad sy vryheid verloor, maar deur sy vrou sy siel en sy geloof behou.

Siener bevestig dit ook in ‘n gesig wat hy op 10 Mei 1925 gehad het: “In Europa is groot zwaar onweer en die lichte slaan achter die wolke uit. Toe breek die dag en die luch word skoon. Toe kom ‘n seroetmandje in gezich en ‘n vrouw met wit klere zit ‘n wit bos blomme in die mandje, en die mandje draai in die rond (daar is ‘n tydsverloop.) Toe is dit die Vierkleur wat in die mandje is.”

Hy sê terwyl daar nog ‘n hewige oorlog in Europa woed, breek die dag al by ons (hier is vrede); die uitgereënde wolke beteken ons swaar is nou vir altyd verby. Die seroetmandjie (‘n tregtervormige mandjie) is in Siener se tyd gebruik om vrugte in te plaas — en hy sien dit is dié deel wat ons vroue bygedra het tot die verkryging van ons vryheid.

Maar vóórdat daardie dag aanbreek, sou elke nuwe seisoen nog sy eie kwota Judasse, meelopers, ver-raaiers en joiners oplewer.

Ek sluit af met die woorde van ‘n oud-stryder wat na sy terugkeer uit Bermuda verstom gestaan het oor alles wat sy vrou en twee dogters vingeralleen op sy

verwoeste plaas verrig het. Die woonhuis is herstel; die landerye geploeg; 'n vrugteboord aangelê en uit die kraal het 'n bees gebulk.

Hy het later aan 'n vriend op Bethlehem gesê: "God alleen weet waar hulle die krag, moed en deurstellingsvermoë vandaan gekry het! Ek weet nie..." En toe het hy bewoë bygevoeg: "Ja, alles is nog nie verlore nie, solank ons nog 'n moeder en kind het wat ons Skepper in die oë kan kyk, is daar hoop vir ons volk. En sowaar as ek leef, waar ek ooit weer 'n moeder of haar kind mag raakloop, sal ek 'n oomblik stilstaan en my hoof buig omdat 'n sigbare engel van hierdie wêreld my pad gekruis het..." (My dank aan Karin Strydom vir haar insette)

## EUROPA

Waarom die volskaalse Islam-inval in Europa?



Westerse lande is beskaafd – maar dit maak hulle oop vir instroming. Westerse lande het wette wat sê: As 'n ander land se burger in jou land kom en verklaar dat sy lewe in gevaar is in sy eie land, moet jy hom help en huisvesting bied en in jou land toelaat.

Miljoene en miljoene Moslems stroom Europe so binne sedert ongeveer 1990. Duitsland het reeds vyf Miljoen Moslems ingeneem. Die ergste is dat sodra

hulle in die Westerse lande gehuisves word, begin hulle dadelik 6 tot 12 babas per vrou kry. Westerse mense kry minder as 2 kinders per vrou.

Geen beskawing waar vrouens minder as 3 kinders kry, het ooit in die geskiedenis suksesvol oorleef nie. Die Westerling daarenteen sê: "kom ons kry net 1 kind, dan het ons meer geld om die lewe te geniet." En as hy hom weer kon kry, het sy volk beheer oor die land van hulle voorsate verloor, en dra Islam die kroon, en word die sharia wet van die Koran op jou afgedwing – met die mes teen jou keel.

Die inval van Europa is 'n voorbereiding vir oorlog en oorname. Deur middel van die Islamic Invasion of Europe word Moslem-soldate en Sleeper Terror Agents binne Europa geplant, in elke land en in elke stad en groot dorp. Gereed vir die finale oorname.

Islam is 'n godsdienst wat ontwerp en ontwikkel is om te oorwin en dan totaal te domineer en sodoende alle mededingende godsdienste en beskawings uit te wis.

Die Derde Wêreldoorlog sal dan ook 'n oorlog wees tussen Islam en die Weste. Alle vorige oorloë sal in vergelyking daarmee soos kinder-speletjies lyk. Daar is minstens 5 000 kernbomme in die wêreld en elke bom kan 2 miljoen mense binne ure doodmaak; daarna volg siektes en ellendes en hongersnood en giftige kos en giftige water wat 'n verdere massasterftes veroorsaak.

Waarom vind dit plaas? Dit is die wiplank-beginsel. Beskawing A raak dekadent, ruggraatloos en verval moreel. Sy vyand, Beskawing B word sterker en sterker, en neem die mag oor. In die Bybelboek Rigters, het hierdie wiplank-drama herhaaldelik afgespeel.

Die beskawing waarteen daar 'n geregverdigde aanklag is, verloor sy momentum en raak dieper in selfmoordneigings en doen mee aan sy eie onder-





gang deur bv liberale immigrasie-wette. Dekades later jaag Beskawing B dan weer op hulle beurt groot strooi aan, en daar is nou 'n geregverdigde aanklag teen hulle, en soms gebeur dit dat hulle eers na eeue beheer oor die land verloor.

So is dit ook tussen die blankes en die ANC in Suid-Afrika. Aan 'n volk wat in 'n Verbond met die Almagtige is, word hoë standarde gestel, en hulle word sommer gou-gou aangekla as hulle verval na 'n nasie van welgestelde self-gesentreerde, immorele, hebsugtige barbare.

Hoe nader ons aan die QETZ = EINDE kom, hoe groter raak die verwagting, en hierdie dringende appél word aan ons volk gerig: Word wakker!. Gooi weg julle belaglike afgode en absurde mitologie – die opium waaraan julle verslaaf is en wat julle aan die slaap sus. Hou op om nuttelose Weet-Niks-Bid-Niks-Swets-NetS-uisNet-Slaap-Wandelaars te wees. Gee ag op jou lewe, anders sal dit deur ander as niks gereken word nie.

Die meule maal baie baie stadig, maar hy maal so fyn soos stof...

En nou staan Europa voor een van sy grootste krisis – dalk die heel grootste – in sy geskiedenis sedert 1945. Die vloedgolf vlugteling wat daagliks vanuit die Midde-Ooste en Afrika oor die grense spoel, laat die leiers radeloos, verwilderd met die hand in die hare sit.

Soos niks anders nie het 'n grusame ontdekking onlangs in Oostenryk die wêreld sy neus laat toedruk. 'n Verlate vragmotor het al dae lank 'n pad gestaan, en verbygangers het begin opgemerk dat 'n stinkende vloeistof uit die vragruim lek.

Toe 'n paar polisiebeamptes die agterdeur oopbreek, het hulle teruggesteier. Hulle is begroet deur 'n oorweldigende walm van 71 lyke, onder wie 3 kinders – almal vlugteling wat versmoor het.

Interpol se gevolgtrekking is dat 'n groep gewetenlose bendes vlugteling by die tienduisende deur die Balkan – van Turkye en Bulgarye deur Macedonië en Hongarye na Oostenryk – smokkel.

Dit is 'n nuwe roete wat nou oopgeplek is, en is benevens die bekende smokkelroetes van Turkye na die Griekse eilande Kos en Lesbos, van Libië na die Italiaanse eiland Lampedusa, en van Marokko oor die Straat van Gibraltar na Spanje. En die smokkelaars is so slim soos die houtjie van die galg: Sodra die owerhede een pad blokkeer, word dit eenvoudig na 'n ander verskuif.

Tussen Januarie en Julie vanjaar, het Interpol bevind, dat meer as 100 000 mense die Oostenrykse grens deur die Balkan oorgesteek het, vergeleke met die nagenoeg 90 000 wat toe oor die Middellandse See gekom het.

Dit kos 'n vlugteling uiteindelik tussen \$2 000 en \$5 000 (R24 000-R65 000) om in 'n lidstaat van die Europese Unie aan te kom, waar hy dan om politieke asiel aansoek kan doen.

Die Arabiese lande befonds hulle en Amerikaanse Joodse kapitaliste kry die loon. Hulle het letterlik al miljarde in die sak gesteek. En ons hoef seker nie te raai wéé dit is wat Europa 'verplig' om hierdie nuttelose vreters te ontvang nie!

Verlede jaar het 626 000 mense in die EU politieke asiel gevra, byna drie keer meer as in 2008. Die syfer in die eerste ses maande vanjaar was 340 000.

Dit gebeur gereeld dat die lekkende bootjies waarmee die mense die gevaarlike reis van Libië oor die Middellandse See aanpak, omslaan en sink. EU-vloot- en kuswagskepe het vanjaar reeds 95 000 drenkelinge uit die see opgepik, en 'n onbekende aantal (waarskynlik etlike duisende) het verdrink.



Die Duitse minister van binnelandse sake, Thomas de Maizière, het onlangs gesê net Duitsland ver wag vanjaar 'n stortvloed van tot 800 000 vlugteling e.

Wat Europa tans meemaak, is niks minder nie as 'n tweede Völkerwanderung, die naam wat geleerdes gee aan die yslike volksverskuiwings wat Europa teen die einde van die Romeinse tyd oorspoel het. Tensy sake taamlik gou verander, gaan dit die Europese bevolkingsamestelling onherroepelik verander.

Die sleutel vir die huidige proses is te vinde in die reeks burgeroorloë wat die laaste dekades in Afganistan, Irak, Sirië en Libië woed, saam met die uitsigloosheid van mense wat onder korrupte diktature in die Horing van Afrika en Wes-Afrika sug. Pres. George W. Bush se loslating van kragte deur sy inval in Irak in 2003 het dié burgeroorloë ook help aanw akker.

Deur Bush se optrede is pres. Saddam Hoesein van Irak verwyder. Daardeur het Irak soos 'n sandkasteel inmekaargesak en is 'n godsdiensoorlog tussen die twee belangrikste groepe in die Islam, die Soenniete en die Sjiiëte, aangewakker. En dít was op sy beurt 'n beduidende bydraende faktor in die totstandkoming van Islamitiese Staat (IS), wat groot dele van Sirië en Irak beheer en tienduise mense uit vrees vir hul lewe laat vlug.

Nou sit Europa met die gebakte pere.

Op voetsoolvlak reageer die Europeërs heel uiteenlopend.

In Duitsland het 'n groep regse ekstremiste terreuraanvalle uitgevoer op sentrums waar vlugteling e opgevang word. Toe bondskanselier Angela Merkel verlede week die dorp Heidenau (een van die brandpunte) besoek, het verregses haar as 'n "landsverraaier" en "slet" uitgeskel. Sy het hulle gewaarsku dat hul haat teenoor vreemdelinge van alle lande nie geduld sal word nie.

Dié uiting van regse haat het ewenwel spontaan 'n reaksie oor die land heen ontlok: Sokkerspanne het baniere met welkomtekste vir die vlugteling e op die veld vertoon, op talle plekke is verwelkomingsfeeste gereël, trembestuurders het die mense in die trem welkom geheet.

Sulke optrede teenoor die invallers laat by 'n mens die gevoel dat die Europeërs kry wat hulle verdien. Hulle moenie kla oor die verkragtings, moorde en diefstalle nie. Hulle verwelkom dit oor hulleself.

Maar dis nie net in Duitsland waar weerstand teen die asielsoekers voorkom nie; dit is ook te sien in onder meer die Lae Lande, Frankryk en Skandinawië. En die politici reageer tot dusver dikwels asof 'n by hulle gestee het.

Herhaalde oproepe van Italië en Griekeland, waar die groot gros van die vlugteling e tot onlangs aangekom het, dat die las meer eweredig oor die EU versprei moet word, het op dowe ore geval. In die aangesig van die honderdduise mense wat oor die grense stroom, kon een EU-spitsberaad voor die Europese somervakansie plek vir net 32 000 mense vind.

Die een groot uitsondering is Merkel. Sy het aange kondig dat Duitsland alle mense sal inneem wat geldige redes vir politieke asiel het en natuurlik tot haar eie land en haar eie ondergang. Sy het slegs mense van byvoorbeeld die Balkan en sommige Afrikastate – waar geen politieke vervolging plaasvind nie – uitgesluit.

'n Peiling van die televisiediens ZDF het bevind dat 60% van alle Duitsers meen hul land kan die groot getalle vlugteling e wel huisves. Dekades lank al het ons die Duitsers leer ken as mense wat 'n swart vel baie aantreklik vind, maar binnekort gaan hulle uitvind hoe dit voel om saam met die barbaar te leef. Daar het reeds verkragtings, diefstalle en moorde plaasgevind, maar nog sien hulle nie die lig nie.

Die lande waaruit mense om ekonomiese redes padgee, moet nou glo gehelp word met ontwikkelingshulp sodat die mense 'n behoorlike heenkome in hul eie land kan hê. In die Europese kommissie – die EU se “kabinet” – word volgens onbevestigde berigte gepraat van €1 miljard. Dit lyk ook of die Midde-Oosterse lande – veral Turkye en Libanon – wat miljoene vlugteling in primitiewe kampe huisves, gehelp gaan word

Is dit nou regtig die Westerlinge se probleem? Elke land sorg tog immers vir homself.

Daarteenoor wil Hongarye onder leiding van sy verregse premier, Viktor Orbán, niks van vlugteling weet nie. Verlede week het Orbán soldate gebruik om die stroom vlugteling wat van Macedonië oor sy land na Duitsland wil spoel terug te hou. Hy het ook opdrag gegee dat 'n heining opgerig word om die mense uit te hou.

Maar uiteindelik kan jy net sowel die see met 'n besem probeer terugvee. Die harde werklikheid is dat die mense wat na Europa kom, wettig of onwettig, daar is om te bly.

Die probleem is inderwaarheid onoplosbaar. En tot dat 'n nuwe beleid dit erken, sal mense op see bly verdrink en agter in vragmotors bly versmoor.

## KRAG

Die watervlak van die Kariba-dam is steeds besig om te sak. Kragopwekking by die hidroelektriese stasies wek al hoe minder krag op vir Zimbabwe en Zambië. Dit het van 759 megawatt geval tot 475 megawatt en dis nog nie die einde nie. Zambië het sy kragproduksie verminder van 500 megawatt na 305 megawatt. Die hoeveelheid water wat deur die kragopwekkers stroom om elektrisiteit op te wek, is in Augustus al

met 27% verminder.

Die watervlak van die dam het minder as 40% van sy kapasiteit op die oomblik en met die El Nino wat nader kom, gaan daar te min reën wees om nog veel langer krag te kan opwek.

Indien die Karibadam inmekaar sou sak, wat 'n al groter wordende moontlikheid is, sal dit die begin wees van jarelange ekonomiese, sosiale, omgewings-, humanitêre en tegnologiese ramp wees wat die ekonomie van die Suider-Afrika lande sal verwoes. Dit sal 'n geskatte 8 jaar neem om die damwal te herbou en in daardie tyd sal daar geen ekonomiese vooruitgang kan wees nie.

Kay Darbourn, 'n lid van die Institute of Risk Management South Africa (Irmsa), het 'n verslag opgestel oor die toestand van die dam en wat gedoen kan word om dit te red. Sonder dringende herstelwerk, sal die damwal inmekaarstort en 'n tsunami sal oor die Zambezi Vallei vloei en die Mosambiekse grens binne 8 ure bereik. Die vloed sal die Cahora Bassa dam oorweldig en 40% van suidelike Afrika se hidroelektriese kapasiteit vernietig.

Die gevolg sal wees dat Suid-Afrika 1 500 MW wat ons volgens kontrak van Cahora Bassa ontvang, vir ten minste 5 jaar sal verloor terwyl ons reeds ernstige probleme met kragvoorsiening het. So 'n ramp sal ook 3.5 miljoen lewes in gevaar stel. Dit sal egter hoofsaaklik swartes wees wat dit nie sal oorleef nie en met hulle getalle soos dit is en die moeilikheid wat hulle veroorsaak, sal dit nie juis 'n ramp wees nie.

In 2014 het die BBC 'n verslag uitgebring waarin die gevare van Kariba onder die soeklig geplaas is. Volgens die verslag het die dam se uitloop die oënskynlike soliede bodem van basalt waarop die dam in 1959 gebou is, weggevreet. 'n Grotter krater het gevorm en sny onder die fondasies van die dam in.

Daar is geld bewillig vir die herstel van die dam wat in 2025 voltooi sou wees, maar projekverdragings (ons ken hulle mos), asook klimaatsveranderinge, hoë reënval en moontlike seismiese aktiwiteit, kan bedra tot die ineenstorting van die damwal.

Eiendomme wat geraak sal word deur die breek van die wal, is dié in Suid-Afrika, Zambië, Botswana, Mosambiek en Malawi.

Kariba is egter nie ons enigste bekommernis nie. Net 'n gedeelte van ons krag kom daarvandaan.

## EL NINO

Dr. Hannes Rautenbach, hoof van die departement vir atmosferiese studies aan die Universiteit van Pretoria, het tydens AMT se vooruitskouingskonferensie in Pretoria gesê dat die El Niño-verskynsel kom voor wanneer die water rondom die ewenaar in die Stille Oseaan warmer as gewoonlik is en gaan gepaard met 'n droër midsomer in die somerreënstreek. Suid-Afrika is die afgelope paar maande in 'n El Niño-fase.

'n Interessante opmerking wat Rautenbach gemaak het, is dat El Niño dieselfde kenmerke toon as wat die geval in die 1997/1998-seisoen was. Hy het ook gesê dat die navorsingsmodel Sintx-F voorspel dat die huidige ontwikkelende El Niño-verskynsel sy piek in November sal bereik, met laer temperature in Suid-Afrika. Ongelukkig blyk dit dat die land daarna vanaf Desember 2015 tot Januarie-Februarie 2016 gaan bak in baie hoë temperature met reën wat slegs vir die westelike gedeelte van die land kan val.

Hy het boere wel ook gewaarsku dat langtermynweervoorspelling onseker is, en dat medium- en kortertermyn weervoorspellings gemonitor word vir die ontwikkeling van toestande wat die verwagting van

die huidige voorspelling kan verander of versterk.

Dit blyk dus dat die volgende 18 maande 'n moeilike tyd vir Suid-Afrika se voedselprodusente gaan wees aangesien die droogte soos dit nou lyk nie voor Desember 2016 gebreek gaan word nie. Die droogte wat in die grootste deel van die land heers, sal van nou af ook gepaard gaan met 'n golf van versengende hitte.

Die droogte het in sommige dele reeds sy tol geëis. In die Sandveld-gebied beleef die koringboere een van hulle ergste droogtes, en kenners meen dit is soortgelyk aan wat dit in die vyftigerjare van die vorige eeu was.

Boere het glo reeds verliese van tot R4 miljoen op 'n 1000 ha plaas weens die droogte gely, en reken dit sal moeilik wees om nog 18 maande staande te bly onder heersende toestande. Oor 'n wye gebied is boere se opgaardamme aan die opdroog, en die vooruitsig van reën is uiters skraal.

Groot dele in die Wes-Kaap beleef reeds hulle grootste droogte van die afgelope 80 jaar, en die vooruitsigte is nie goed nie aangesien dié streek se reënseisoen verby is.

Die uiteindelijke gevolge hiervan is 'n ernstige tekort aan voedsel. Suid-Afrika kon nog altyd graan uit Brazilië invoer om ons tekorte aan te vul, maar daardie land gaan nou self gebuk onder ernstige droogte en voedseltekort.

Die droogte strek egter veel verder as net Suid-Afrika; selfs Zambië en Zimbabwe staan hongersnood in die gesig en die krisis word vererger deurdat die Zambezirivier aan die opdroog is. Dit is reeds so erg dat geen water meer die Victoria-waterval bereik nie.

Die Victoria-waterval is die grootste in Afrika en is geleë op die grens van Zimbabwe en Zambië.

Wanneer die Zambezirivier in April en Mei afkom, vloei net minder as 'n halfmiljoen kubieke meter water per minuut oor die rand van die waterval.



Siener se profesie oor 'n 'groot droogte; is dalk besig om bewaarheid te word. Hy voorsien dat in die donker tyd wat nog moet kom, daar vir dié wat “weet” en “voorberei” het, 'n groot mate van vertroosting sal wees. Hy het dit só gestel: “Alle ellendes, behalwe hongersnood, sou nog oor die getroue Afrikaner kom. God sou sy getroues die vrees van hongersnood spaar — selfs in die tyd van kosskaarstes sal hulle nog iets te ete op die tafel hê, al is dit ook net rantsoen.”

Maar ander, daarenteen, sal nie gespaar word nie: 6 Maart 1919 – “Toe is daar weer jong mielies, en die gee zaad. Toe kom daar vuilgoed en die neem die mielies in. Toe kom hulle in beweging en raak weg (die mielies); toe lê daar een mensgeraamte...”

## STAAL EN STEENKOOL

Die wêreld se grootste staalvervaardiger, Arcelor-Mittal, het aangekondig dat hy sy smeltery in Vereeniging gaan sluit. Hy het glo geen ander opsie as om konsultasie te begin met sy aandeelhouers daarvoor nie. Die grootste unie in daardie sektor, National Union of Metalworkers of SA, het gesê dat as die maatskappy voortgaan met hulle planne, sal hulle die regering vra om die smeltery te nasionaliseer.

Castro Ngobese van Numsa het gesê dat die regering aangedui het dat die staal-smeltery gered kan word en dis waarop die swartes hulle hoop nou het.

ArcelorMittal SA het gesê dat die sluiting van die smeltery 400 direkte werknemers sal raak, maar ook werkers by kontrakdienste. Indien die hele Vereeniging staalwerkery gesluit word, sal dit 1 200 werksgeleenthede kos.

Die hele mynbedryf, maar veral platinummyne en Anglo American, word deur grootskaalse arbeidsbesnoeiing in die gesig gestaar as die huidige pryse van hulpbronne voortduur. Die mynwerkersunie, NUM, dring aan op R1 000 verhoging vir sy laagsbetaalde lede. Dit is in die omgewing van 13% verhoging. Die myne wil egter nie meer as 8.5% aanbied nie, want hulle ly reeds verliese.

Die skrif is aan die muur.

## GELDSAKE

In Suid-Afrika is die inflasiekoers baie hoog, maar in Amerika is dit onder 2% en hulle rentekoers is vir die laaste 55 maande steeds op 0%. Dit klink besonder goed vir mense soos ons wat in 'n land woon waar



Hy vir elke pennie in jou beursie gedruk en uitgesuig word deur rente en BTW.

Die voedselpryse in ons land het geweldig gestyg in die afgelope vier jaar. Produkte soos kaas, blikkieskos, ontbytgraan, ens het meer 100% gestyg, maar hulle wil sê ons inflasiekoers staan op 4%. So waar! Dis baie, baie meer en dit styg steeds.

Die wêreld het nog nooit 0% rentekoers gesien nie. Volgens Bill Bonner, die CEO van Angore Financial en iemand met 'n onberispelike getuigskrif, beteken dit dat Amerika aan die einde van 'n tydperk in sy ekonomiese geskiedenis is en dat hy nou die grootste kredietineenstorting in die wêreldgeskiedenis in die gesig staar.

Rente is die prys van geld – 0% beteken dat die aanvraag ver onder die aanbod is. In 'n aanvraag- en aanbodmark, beteken 0% dat die mense nie die Fed se geld wil hê nie tot die punt waar die Federale Bank sy reserwes vergroot het, maar daar is nie 'n groot aanvraag meer nie.

Mense wil nie meer skuld maak soos in die verlede nie, want hulle is geslag deur skuld. Hulle maak sommetjies en besef dat skuld hulle baie gekos het. In Suid-Afrika hou die swartes se skuld die rentekoerse waar dit is. In Amerika is dit anders. Die honderde triljoene bestaande skuld het nie meer brandstof om dit staande te hou nie. Die enigste manier waarop eksponenteskiuld volgehou kan word, is deur die aanhoudende vuurpylbrandstof van meer skuld.

Almal in Amerika verwag dat die rentekoers een of ander tyd sal styg, ten minste teen die einde van 2015, maar dit het nie en dit sal ook nie. Amerika is besig om in deflasie in te gaan en zero rente gaan die proses van inmeekaarstorting nie keer nie. Niks groei vir altyd nie, alle eksponensiële kurwes bereik 'n limiet.

Ook Bill Bonner beweer dat die nuwe groter depressie onafwendbaar is – die statistieke wys dat ons reeds daar is. Rentekoerse is laer as depressie-vlakke en die geldtempo van geldomset is laer as in 1932. Geldomset tuimel steeds onstuitbaar ten spyte van zero rentekoerse. Die hele Amerika is drooggebloe deur die Jode, en die zero rentekoers is net die simptoom van 'n baie groter probleem – die ekonomiese ineenstorting van Amerika.

Zero rentekoers is nie 'n goeie ding nie, dis 'n waarskuwingstekens van 'n disfunksionele stelsel. Die Federale Bank van Amerika het die grootste skuldsiklus in die geskiedenis aangeblaas en vandag verstik die wêreld daarin. Skuld het soos 'n kanker dwarsoor die aardbol versprei. Lande het tot so ver gegaan as om ander lande se skuld op te koop. Die potensiaal vir die grootste finansiële uitwissing in die geskiedenis is 'n ontstellende werklikheid.

## OORLOG

Brittanje ly aan totale grootheidswaan. David Cameron verbeel hom hy bevund hom nog die dae van Britania Rules the Waves! Hy het aangekondig dat Brittanje gereed moet maak vir 'n oorlog teen Rusland, en net daarna sy vegvlieëniers opdrag gegee om Russiese vliegtuie oor Sirië se lugruim af te skiet. Verder moet daar 'n vloot van oorlogstenks wees as gevolg van die toenemende bedreiging van oorlog op die grond teen Rusland.

Die klok vir die 3de Wêreldoorlog het reeds gelui!

Spanning is besig om op te laai tussen die Navo-lande en Moskou. Navo wil kernfasiliteite in Duitsland opgradeer en verstewig en Rusland dreig met “kern teenmaatreëls” as hulle daarmee sou voortgaan. Intussen probeer David Cameron tevergeefs om, op sy voorwaardes, 'n kompromie aan te gaan

met Rusland se president, Vladimir Poetin, oor die Russiese aanval op die ISIS terroristegroep in Sirië.

Russiese aggresie in Oos-Europa, 'n toename in die skending van Navo se lugruim deur Russiese bomwerpers en die ontwikkeling van 'n nuwe Russiese "super tenk" het senior aanvoeders gedwing om te erken dat die vooruitsig aan 'n volskaalse konvensionele grondoorlog in Oos-Europa nie langer geïgnoreer kan word nie.

Die Britse weermag het 227 Challenger 2 oorlogstenks, maar, terwyl hulle steeds gerespekteer word, het hulle dringende opgradering nodig wat nie nou gedoen kan word nie.

Verlede jaar het die Britse weermag deelgeneem aan 'n lewende ammunisie Navo-oefening in Pole met meer as 100 voertuie. Met Operation Black Eagle is die Britse weermag se vermoë om 'n gepantserde oorlogsgroep op kort kennisgewing enige plek op aarde te ontplooi ter ondersteuning van die land se bondgenote, getoets.

Die Sunday Express het egter uitgevind dat, anders as sy Navo bondgenote, kon Brittanje nie 'n volle eskadron van 14 tenks plus 2 reserwes binne die voorgeskrewe 30 dae limiet ontplooi nie. Volgens lede van die Kings Royal Hussars gepantserde regiment was sommige van die tenks eers na meer as drie maande gereed omdat hulle vir 'n lang tyd gestoor was of uitmekaar gehaal is vir onderdele. Senior weermagbronne het bevestig dat die ontwikkeling van die nuwe Russiese T-14 gevegstenk wat op die Moskou Oorwinningsdag Parade bekend gestel is, Brittanje skielik laat fokus het op die waarde van gevegstenks.

En dis nou die land wat oorlog wil verklaar teen Poetin se leërmagte!

Rusland aan die anderkant is tot die tande toe gewapen. Hy spog met 'n uitsonderlike outo-reaksie-

pantser en 'n onbemande toring in die T-14 tenk. Dit is die eerste van 'n nuwe generasie van kragtenks (power tanks) vir die Russiese weermag wat hoop om 2 300 van hulle teen 2020 te hê. Engeland aan die anderkant kon net 100 'voertuie' oor drie maande bymeekaarskraap vir Operation Black Eagle.

Dis duidelik dat 'n groot oorlog in die vooruitsig is. Lande bou nie hulle weermag op sonder 'n baie goeie rede nie. en die rede is maar gewoonlik dat 'n oorlog verwag word. Rusland het aangekondig dat hy gedwing sal word om 'teenmaatreëls' te neem om die 'magsbalans' in Europa te balanseer as die VSA sy kern teenwoordigheid in Duitsland hierdie jaar opgradeer deur 20 B61-12 kernbomme by die Büchel-lugmagbasis te plaas.



Russies T-14

Maj Gen Patrick Cordingly, bevelvoerder van die "Desert Rats" se 7de gepantserde Brigade, het gesê: "Daar is 100 lande in die wêreld wat oorlogstenks het – hulle is daar om 'n rede en vir ons om nie te belê in ons hoofoorlogstenk nie, sal teen enige logika wees. Selfs in Afganistan sou dit handig gewees het om ons eie tenks te hê, maar ons is gedwing om op die Deense weermag staat te maak." En dan sê hy: "'n Tenk is meer as ' wapensisteem – dit maak ook 'n stelling. En as jy probeer regeer in 'n ander land, dan help dit om 'n stelling op hierdie manier te maak."



Dis hoe daar beplan word om ander lande te regeer – met geweld en die wapen. Daar word duidelik gereedgemaak vir 'n wêreldoorlog.

In die 2010 Strategic and Security Defence Review is die meeste Britse oorlogstenks gestoor omdat beplanners gefokus het op 'asimetriese' oorlogvoering soos in Afganistan. Só oortuig was die weermag daarvan dat die BAE toegelaat sou word om sy tenkvervaardigingsbasis in Newcastle in 2012 te sluit, ondanks die feit dat hulle 60 spesialiste by die fasiliteit in Tidworth behou het. Brittanje se gepantserde basis in Duitsland was ook geormerk vir sluiting in 2019, maar dit word nou weer herbedink.

Dis nie 'n geval van ons maak net meer wapens nie, Brittanje se wapen en oorlogsvoertuie is verouderd. Hulle Scout Reconnaissance Specialist voertuig is nou so swaar gemaak deur beskermende pantser en anti-IED-vermoëns dat dit nie oor brûe kan gaan of in die lug opgeneem kan word nie.

Sedert die sluiting van die tenkvervaardigingsbasis in Newcastle, het gebeur, wat die Russiese betrokkenheid in die Krim insluit, Brittanje en die res van Navo gewys dat hulle moet voorberei vir 'n Koue Oorlogscenario soos konvensionele, simmetriese oorlogvoering in Oos-Europa. Of Brittanje die Challenger 2 betyds opgegradeer gaan kry, is 'n ope vraag. Daar is £9 miljard ook nodig om ander gepantserde voertuie te vervaardig of op te gradeer, waarvan baie bedoel is vir toestande soos in Afganistan.

Daar is nie meer veel tyd oor om voor te berei nie. Rusland is reeds besig om ISIS uit te wis, en agter sy weermag is sy wapenfabrieke besig om hard te werk om sy arsenaal op te bou, gereed vir wat voorlê. Intussen hou Obama steeds steeds met sy gevaarlike, dom-onnosel speletjies en maak hy die een sotlike flater na die ander. Amerika het miljarde dollar verkwis op oorloë wat niks met hom te doen gehad het nie en nou sit hy met 'n weermag wat dwarsoor die

wêreld versprei is met onvoldoene toerusting om Rusland aan te vat.

En Vladimir Poetin sit vir Europa en wag. As die winter goed aan die gang is, so het ons verneem, gaan hy sy dodelike troefkraat gebruik deur die gas na Europa af te sny. En wat dan?

Siener het gesê dat Rusland Turkye in een nag gaan platloop. Hy het ook gesê dat wanneer die somer weer aanbreek, sal dit lyk asof Rusland gewen het, maar dan word hulle by die Spaanse grens gestuit.

Dit sal interessant wees om te sien wat gebeur.

## WAAROM SKIET?

'n Ses en twintigjarige Moslem het by 'n kollege in Oregon, VSA, van klaskamer tot klaskamer gestap en altesaam 10 tien leerlinge, waaronder ook 'n lektor, doodgeskiet en meer as 20 gewond.

Volgens die 18-jarige Anna Boylan, wat in die skietery ernstig gewond is, het die skieter, Chris Harper Mercer by hulle klaskamer ingekom en dadelik skote afgevuur om die leerlinge se aandrag te trek.

Hy het wapenrusting aangehad en verskeie vuurwapens waaronder drie rewolwers. Nadat hy die lektor geskiet het, het hy een vir een van hulle beveel om op te staan en gevra: "Are you a Christian?"

Aan die leerling wat bevestigend geantwoord het, het hy dan koelbloedig gesê: "Good, because you're a Christian, you gonna see God in just about one second," en die sneller getrek.

Daar is reeds 380 Amerikaners in 294 massa-skietvoorvalle gedood en in die meeste gevalle was dit 'n rasse-insident, maar die media het dit probeer verdoesel; soos wat CNN nou ook gedoen het.



Sedert die skietery op 1 Oktober plaasgevind het, het heelwat nuwe inligting na vore gekom.

Dis veral opmerklik hoedat skietvoorvalle by skole, kolleges en universiteite drasties toegeneem het nadat Barak Obama al hierdie instelling tot “gun free zones” verklaar het. Die moordenaars weet dus baie goed dat daar vir hulle geen bedreiging bestaan nie en kan daarom rustig met hul moord-orgie voortgaan.

Op sosiale media word daar baie vrae gevra oor hierdie jongste voorval. Dit het plaasgevind net nadat Rusland begin het om ISIS-terroriste in Sirië (wat deur Amerika gesteun en bewapen word) se stellings te bombardeer. Daar word nou openlik gevra of die Obama-regering nie dalk weer ‘n hand in hierdie skietvoorval gehad het nie? Twee redes word aangevoer:

Ten eerste, hy wil ten alle koste die Amerikaanse burgers ontwapen; en tweedens, moet dit die aandag aftrek van die Russiese aanvalle op die terroriste en dat Poetin met hierdie opytrede vir Obama gewys het hoe dinge gedoen moet word.

Skaars ‘n uur voordat Russiese vegvliegtuie die heel eerste aanval uitgevoer het, het pres. Poetin Obama gewaarsku om sy vliegtuie uit die lugruim bokant daardie gebied te verwyder. En soos dit ‘n goeie, gehoorsame klong betaam, het Barak gedienstig na die “grootbaas” geluister!

Gaan Google gerus en u sal sien dat nog elke keer as daar iets gebeur wat Amerika erg in die verleentheid stel, wil Obama dit so gou moontlik uit die oog en oor hê. En dit kan hy net regkry, indien daar ‘n groter, skokkender insident plaasvind.

En wat kan groter en skokkender wees as ‘n “skietdrama” by ‘n onderwysinstelling? Want verseker sal dit onmiddellik wêreldwyd hoofnuus wees en Obama

se soveelste verleentheid/mislukking daar en dan op die agtergrond geskuif word...

Dis presies wat nou gebeur het!

## KORTETJIES

---

### PLAASLIK

Solidariteit kondig aan dat hulle nou begin om ‘n parallelle regering op te rig teen ‘n koste van R3.5 miljard. Sover ons kan vasstel, is hulle almal in elk geval deel van Siener se doringbos-regering. Moet hulle nie steun nie. Oor ‘n hele paar jaar lank het hulle geleidelik alles wat Afrikaans is ingepalm en onder hulle bouse vlerke ingekrap. Radio Pretoria het geval, die Voortrekkers het, asook die ATKV en die FAK. Alles wat eie aan die Boervolk is, het hulle oorgeneem en besoedel met swartes en liberalisme. Dit was hulle opdrag en hierdie nuwe prfojek word waarskynlik ook uit liberale kringe gefinansier. (Ons berig in ‘n latere uitgawe meer volledig oor Solidariteit se skaamtelose verraad).

Rasse polarisasie teen blankes verhoog. ANC Minister, Jomat Patterson, sê: “Die Weskaap is besig om in ‘n Orania te verander, gevul met rassiste wat uit Gauteng getrek het omdat hulle nie glo in swart meerderheid nie.” Wat hierdie klong nie verstaan nie, is dat Orania in elk geval deur liberaliste bestuur word. Van die mense wat daar weg is, het alles verloor, want daardie mense laat jou toe om in te kom met baie, maar uit te gaan met niks. Hou dit in gedagte.

Generaal Mabangu van die SAW sê SA troepe word uit die Kongo onttrek omdat hulle die VN magte se lewens in gevaar stel. Wat!? Nou wonder ‘n mens net wat het ons swart troepe daar gedoen dat hulle

die VN se troepe se lewens in gevaar gestel het. Het hulle dalk weggehardloop? Dis moontlik.

## BUITELAND

China het pas aangekondig dat hy Rusland gaan steun met lugaanvalle op ISIS-stellings in Sirië, terwyl Iran grondtroepe instuur om gebiede waaruit ISIS nou padgee oor te neem en op te ruim.

Reeds in 2006 met die publikasie van 'n Laaste waarskuwing, is verwys na 'n gesig van Siener waarin hy hierdie verwickelinge as aanloop tot die 3de Wêreldoorlog voorspel het. In daardie stadium was daar nog geen sprake van 'n konfliktussen Sirië en Iran nie. Op bladsye 26 en 27 staan daar:

“Uiteindelik gaan Iran en Sirië ook by die konflik ingetrek word en dan sê Siener sal totale chaos en geweld in hierdie streek eskaleer en uiteindelik op die Derde Wêreldoorlog uitloop, want hy sien ...die aarde slaan brand en voor my verskyn 'n gesig van 'n aaklige oorlog; van perde met bloed wat van die perde se stange sal afloop. Ons kry byna dieselfde profesie in Openbaring 14:20: ...En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde...



5000 Iranse troepe land in Sirië

“Ons staan waarskynlik reeds op die drumpel van die Derde en laaste Wêreldoorlog, tensy daar iets drasties plaasvind om die plofbare situasie te ont-lont. Dit lyk egter nie meer of so iets moontlik is nie.”



Russiese Su-25 bombardeer ISIS

## HITACHI ROOF SUID-AFRIKA

Daar kan nie meer veel Thomasse wees wat dink ons regering is 'n eerlike klomp altaarmannetjies nie. Ek verwys natuurlik na die “skikkingsbedrag” wat deur Hitachi, 'n Japanse maatskappy, aan die Securities and Exchange Commission (SEC), die Amerikaanse beleggingswaghond, oorbetaal is.

Hierdie “skikking” van \$19 miljoen is deur Hitachi betaal nadat die SEC bevind het dat Hitachi 'n onbehoorlike betaling aan die ANC gemaak het. 'n “Skikking” is 'n nare hedendaagse gebruik, ook hier in Suid-Afrika.

Skikkings word gereeld gebruik om oortreders te straf omdat dit 'n goedkoper en vinniger proses is, maar die oortreder word nie behoorlik in 'n ope hof verhoor nie. Skuldiges het dan ook geen misdadg-eskiedenis nie.

Nietemin, die feit dat Hitachi vir die skikking betaal het, is myns insiens so goed, soos 'n skulderkenning. Daarom is dit niks minder as redelik om te aanvaar



dat Hitachi op 'n onbehoorlike wyse geld aan die ANC betaal het nie.

Die wyse waarop dit gedoen is, was maar redelik amateuragtig. Die ANC se “beleggingsmaatskappy”, Chancellor House, het in Hitachi SA “gekoop”. Bloot toevallig is 'n groot Eskom-kontrak kort daarna aan Hitachi SA toegeken. Hitachi SA het (minderwaardige) stoomketels vir Eskom gebou by die Medupi-kragstasie.

Uiteindelik het Hitachi SA 'n vet wins gemaak, wat onder meer as 'n nuttige “dividend” betaal is aan Chancellor House. Verder is daar bewerings dat Eskom “van bo” opdrag gegee is om Hitachi nie op te keil oor hul swak produkte nie. Intussen het Chancellor House sy belange in Hitachi verkoop.

So, wat het nou eintlik hier gebeur? Eenvoudig gestel: Hitachi het die ANC omgekoop om aan hom 'n Eskom-kontrak te besorg – ek sukkel om tot 'n ander gevolgtrekking te kom. En wie't betaal? Wel, Eskom, natuurlik – wat sy kragpryse opgestoot het om vir Hitachi te betaal, wat beteken dit is ek en jy wat die ANC se dividend betaal het.

Hierdie Eskom-storie is maar net een in 'n lang lys vergrype. Die regerende party is verantwoordelik daarvoor om sekere funksies in die land te verskaf en het natuurlik toegang tot baie finansiële bronne om dit te vervul.

Die eerste “bron” is die belastingbetaler en hierdie bron is die laaste paar jaar hoofsaaklik aangewend om 'n allemintige staatsamptenary op te bou, wat natuurlik nuttig is by die stembus.

Tweedens is die belastingbetaler ook aangewend om sosiale oordragte te betaal. Oor die algemeen is minder op kapitaalgoedere bestee en meer op lopende uitgawes. Brûe en paaie stem nie!

Ongelukkig is hierdie bron nou uitgeput, want nie net is die belastingbetaler reeds oorbelaas nie, die staat het sommer rekordbedrae namens die belastingbetaler geleen.

'n Volgende “bron” is die einste staatsbeheerde organisasies soos Eskom hierbo. Eskom vandag is finansiële geruïneer weens ondoeltreffende en onbekwame bestuur en politieke inmengery. Dié vaatjie is nou ook leeg. Dit is nie net Eskom nie, maar ook die SAL, PetroSA, noem maar op, staatsbeheerde instellings is bankrot.

Sommige kaders erken dit sommer ruitelik, soos Hlaudi Motsoeneng, baas van die ANC-UK wat gelieg het oor sy kwalifikasies, homself 'n vet salarisverhoging gegee het en sommer erken hy stel nie daarin belang dat die SAUK 'n wins maak nie – solank hy net baie kan “verdien”. (Terloops, dit is vir my vreemd dat daar so baie mense is wat nie die verskil tussen “verdien” en “ontvang” ken nie.)

Daar is nog 'n paar staatsbeheerde instellings wat nog verder gemelk kan word, soos die NOK, maar oor die algemeen is die staatsbeheerde instellings as “bron” nou ook opgebruik.

Wat is volgende? Al waaraan ek kan dink is dat dit pensioenfondse, veral die staatsamptenare se pensioenfondse, kan wees.

Die staatsdienspensioenfondse het byvoorbeeld grootliks Sanral gefinansier wat nie 'n goeie belegging blyk te wees nie. Verder verkoop die staat so af en toe iets van die staatsamptenare se pensioenfondse, soos Vodacom-aandele onlangs. “Teen 'n goeie prys,” sê hulle. Goeie prys vir wie, vir die belastingbetaler of vir die staatsamptenare?

Hy sê ook: “Die regering doen sy bes om die toestande in Suid-Afrika te laat vererger.”



Eintlik wil die regering rewolusie hê, want dan kan hy finaal van die blankes ontslae raak en sy eie bar-

baarse stamgebruike instel waar die kaptein en sy familie en liewe vriende alles is en die res krepeer.

## ASSEBLIEF...

Ons het onlangs 'n advertensie geplaas van Lizelle van Rustenburg wat na 15 blanke babas (pasegebore tot 2 jaar oud) in omsien. Na die Marikana-insident in 2011 het tientalle blanke mynwerkers nie net hul werk verloor nie, maar ook hul huise, motors, ens. Sommige bly nou by familie, en ander in garages of houthuisies in agterplase; hulle is ook nie in staat om elders 'n heenkome te gaan soek nie.

Onder sulke omstandighede is dit gewoonlik die kinders wat die ergste ly en omdat Lizelle se finansies uitgeput is, oorweeg sy dit nou om haar hulpverlening aan die arm gesinne te staak.

As 'n klein klompie van ons saamstaan en 'n maandelikse aftrekorder teken, kan dit 'n groot verskil maak. Van daardie babas drink suikerwater omdat die ouers nie geld vir melk het nie.

U kan Lizelle kontak by **082 566 8791** en sy sal u eerstehands inlig oor die haglike omstandighede waarin ons medevolksgenote verkeer.

Haar bankbesonderhede is:

**Angels4babies, ABSA Bank rek: 408 493 6370**



## INTEKENARE OP DIE VAANDELDRAER:

### BETAAL AAN:

Brandwag Verspreiders

### INTEKENGELD:

RSA R150

Namibië R180

Per epos: R120 per jaar

### ONS ADRES:

Posbus 316, LADISMITH, 6655

Tel: 028-5512516 Faks: 086 2706347

### BANKBESONDERHEDE:

Vaandel Uitgewers

Standard Bank

Rek. Nr. 188 263 217

Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: [verkope@vaandel.co.za](mailto:verkope@vaandel.co.za)

Navrae: [info@vaandel.co.za](mailto:info@vaandel.co.za)